

Maandag 5 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22-25

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:22-25

God is waarborg van en vir sy beloftes

Ongeveinsde liefde (1:22) beteken dat 'n mens nie meer net aan jou eie behoeftes dink nie. Om vir mekaar lief te wees, is nie iets natuurliks nie. Inteendeel, dit verg volgehoue inspanning. Dit moenie toneelspel wees nie. Dit moet van harte wees.

As 'n mens God se liefde besef en ervaar, word jy *gedring* om daardie liefde *uit te straal* na alle gelowiges wat jou pad kruis. Hulle is immers ook weergebore. Julle het dus nou saam God as Vader en is mekaar se broers en susters.

Petrus haal in 1:23-24 uit Jesaja 40:6-8 aan dat alle mense soos gras is; alles waarop hulle staatmaak, is soos 'n veldblom – gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai. “Dit is so, die volk is so, die volk is soos gras. Gras verdorg, blomme verwelk, maar die woord van God bly vir ewig.” Petrus doen dit om te beklemtoon die Here self is die waarborg dat die verlossingsboodskap sal realiseer en dat die mens nie te veel van homself moet dink en gevolglik sy lewe net om homself moet laat draai nie.

God self is die waarborg van/vir sy beloftes. Daaraan kan die moedelose volk vashou. Die lewe wat God jou gee, moet jy gebruik om Hom te dien. God se beloftes, ook sy beloftes aan Israel van voor die ballingskap, staan vir ewig. Daaraan kan die moedelose volk vashou. Onder andere hou dit in dat jy jou medegelowiges van harte en volhardend liefhet.

Sing: Skrifberyming 11-1:5, 7

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)